

VOORWOORD


Partykeer gebeur dit dat ek mense in my spreekkamer kry wie se lewe totaal ontwig is en nie weet of hulle ooit weer sal herstel nie. Dan gee ek aan hulle 'n skoon A4 papier en vra om dit 'n paar keer in 'n baie klein balletjie te frommel en weer mooi met hulle hande oop te stryk. Na die proses 'n paar keer herhaal is, begin die papier om "sag" te word. Die papier sal nooit weer dieselfde wees of lyk nie. Die hardheid is weg. Die gefrommelde papier begin selfs op 'n nuwe manier mooi te lyk. Die gefrommelde papier word 'n metafoor van 'n nuwe lewe wat anders is as die lewe voor die ontwigting.

Daar word in baie kringe van die ontwiggende "perfekte storm" gepraat waardeur die kerk in die afgelope paar jaar is. Postmodernisme, post-christenheid en globalisering het ons soos die papier gefrommel en uitgestryk en weer gefrommel. Ons kan daarna nooit weer dieselfde wees of lyk nie. Ons hardheid is weg. Ons het 'n **gebrokenheid** in ons. Maar ons is nie alleen nie. Ons dra die boodskap van die kruis – **vrygespreektes** wat **diensbaar** is in God se koninkryk. Ons is "wounded healers" (alias Henry Nouwen) wat in Christus geanker is en soos die Kremetartboom wortel geskiet het in Afrika om hier ons roeping uit te leef.

In ons voorbereiding vir hierdie Sinodesitting het die drie woorde: Gebroke, Vrygespreek en Diensbaar telkens na vore gekom. Dit kom uit die "knegliedere" in Jesaja wat ons tydens ons oggendwydings gaan lees. My gebed is dat die Skrif nie net tydens die oggendwydings aan die w(W)oord sal kom nie, maar dat dit dwarsdeur die sitting, en ook daarna, met ons sal praat.



In die opstel van die sakelys van hierdie twintigste vergadering van die Noordelike Sinode het ons probeer om sake wat by mekaar hoort, saam te groepeer. Dit kan in konsentriese sirkels voorgestel word: Ons begin Maandag met die buitenste sirkel waar ons onself binne 'n groter konteks plaas: Ons is gewortel in Afrika en deel van Afrika. Dinsdag praat ons oor die groter kerk: sake soos ekumene, armoede en besluite van die Algemene Sinode kom op die tafel. Ons is nie alleen op die kerklike terrein besig nie – ons is 'n boom tussen ander bome. Woensdag word die sirkel kleiner. Dan praat ons gemeentes en gemeentewees – daar waar ons eintlik moet vrug dra. Donderdag hoop ons om die lyne bymekaar te trek en huis toe te gaan in die wete dat ons gebroke, vrygespreek en diensbaar is.



Mag hierdie sinodesitting onthou word as 'n sitting waar ons saam as kerk werklik na die wil van God gesoek het.

Raelf Ophermans

Taakspanleier.